2009
Pryse Volumes en Produksiekostes van Veldblomme

Tien jaar gelede is die omvang van die Strandveld se blombedryf op R8.5 miljoen of 90,000 hektaar beraam (Heydenrych, 1999). Volgens PPECB (2006, 2009) het uitvoervolumes tussen 1997 en 2007 met 7% per jaar gestyg, alhoewel daar in 2002/03 'n skerp daling in volumes was en sedertdien 'n dalende tendens gegeld het. Daar bestaan geen ander amptelike statistiek vir die bedryf nie, veral nie vir veldplukkers nie.

Flower Valley Conservation Trust is 'n gemeenskapsorganisasie wat hom vir die volhoubare oes van veldblomme beywer in die hoop dat dit tot die bewaring van fynbosveld sal lei. Fynbos is die wêreld se kleinste, mees diverse en moontlik mees bedreigde plantkoningkryk – daar kom ongeveer negeduisend plantspesies in 'n gebied van slegs 8.8 miljoen hektaar voor, en daar word geraam dat daar reeds 29% van die oorspronklike verspreidingsgebied van hierdie plante verlore gegaan het (Rouget *et al*, 2003).



Grafiek 1: Uitvoervolumes van natuurlike en aangeplante proteas en ander fynbos (PPECB, 2007 & 2009)

Die trust besit ’n plaas tussen Baarskeerdersbos en Grootbos wat gebruik word om navorsing te doen oor restourasie- en oesmetodes, en waar hulle ook wil demonstreer dat dit moontlik is om wins te maak uit veldblomme wat volhoubaar geoes word. Kaapse Natuurbewaring was saam met *Flower Valley* by die ontwikkeling van die sertifiseringsstelsel vir die volhoubare oes van veldblomme betrokke. Soortgelyk aan *Fair Trade*-sertifisering is die sertifiseringstelsel vir die volhoubare oes van veldblomme daarop gemik om billike arbeidspraktyke en volhoubare benutting van natuurlike hulpbronne aan die verbruiker te waarborg. Oespraktyke, wat maar ’n klein komponent van die hele stelsel is, sluit in dat daar ’n lys van alle benutbare en onbenutbare spesies opgestel moet word en dat die plaas in bestuurskampe verdeel moet word. Verder word daar vereis dat plukkers opgelei moet word in volhoubare oesmetodes en dat die plaas brand- en indringerbeheer-programme in plek moet hê, asook dat die veld se toestand gemonitor moet word en daar rekord gehou moet word van wat geoes is (*ABI*, 2005).

Hierdie bladskrif bevat die eerste resultate van die volhoubare oes-eksperiment. Die prys, koste en volumedata wat hier gepubliseer word, kom direk uit Flo*wer Valley Farm* se rekords. Daar is gepoog om die plukspan se finansies van die van *Flower Valley Farm* se ander (navorsings-) bedrywighede te skei. Die syfers dek die periode 2006 tot 2008, die eerste drie jaar van die plaas se onafhanklike bestaan. Oor die periode het inkomste met 72% per jaar en kostes met 54% per jaar gegroei, en teen die einde van 2008 het die plukspan vir die eerste keer gelykgebreek.

Pryse en prysverwagtinge

Tabel 1 lys die pryse vir al die spesies wat in 2008 geoes is, en gee ook die getal bestellings wat die plukspan vir elke blom- of loofsoort gehad het. Die onderpunt van Tabel 1 bevat die gemiddelde prys per produkkategorie en die rieële prystendens oor die drie jaar periode. Die SAPPEX blomkatalogus en Mustart *et al* (1997) se veldgids vir die Suidelike Overberg is gebruik om die verskillende plantsoorte te identifiseer.

Tabel 1: Pryse en prystendense vir fynbos, 2006 – 2008

Spesie	Mark	Pyse vir 2008 (R/steel) Gem.	Laagste	Hoogste	Bestel-lings	Prys tendens % p.a.
Protea compacta	Vars	1.69	0.75	2.20	6	
Brunia laevis	Vars	0.86	0.80	1.00	31	
Leucospermum cordifolium	Vars	0.75	NA	NA	1	
Leucospermum patersonii	Vars	0.75	0.75	0.75	7	
Leucadendron platyspermum	Droog	0.37	0.32	0.60	9	
Brunia laevis	Droog	0.35	0.35	0.35	10	
Leucadendron coniferum	Vars	0.35	0.30	0.35	9	
Protea compacta	Droog	0.35	0.25	0.40	4	
Leucadendron muirii	Droog	0.35	0.30	0.40	4	
Leucadendron xanthoconus	Vars	0.31	0.25	0.31	20	
Berzelia lanuginosa	Vars	0.29	0.20	0.31	41	
Leucadendron meridianum	Vars	0.27	0.23	0.80	13	
Leucadendron linifolium	Vars	0.26	0.20	0.31	82	
Berzelia abrotonoides	Vars	0.25	0.22	0.31	19	
Phaenocoma prolifera	Vars	0.24	0.23	0.50	7	
Diosma subulata	Vars	0.24	0.23	0.30	18	
Erica lineata	Vars	0.23	NA	NA	1	
Metalasia densa	Vars	0.23	NA	NA	1	
Nebelia palaceae	Vars	0.23	0.23	0.23	4	
Passerina rigida	Vars	0.23	0.23	0.23	37	
Stoebe plumosa	Vars	0.23	0.22	0.23	58	
Metalasia muricata	Vars	0.22	0.20	0.23	42	
Staavia radiata	Vars	0.22	0.20	0.23	15	
Erica corifolia	Vars	0.21	0.20	0.23	27	
Phylica ericoides	Vars	0.20	0.20	0.23	10	
Erica imbricata	Vars	0.20	0.20	0.20	6	
Phylica stipularis	Vars	0.20	0.20	0.20	4	
Loof uitsl. tolbos	Vars	0.24	0.20	0.27	256	-1.3
Tolbos	Beide	0.29	0.20	0.80	145	7.5
Heide	Vars	0.21	0.20	0.23	34	-6.3
Protea, speldekussings & Brunia	Beide	0.63	0.25	2.20	59	-17.1

Fynbosloof verkoop tans vir tussen 20 en 30c per steel, terwyl silwer brunia (*Brunia laevis)* en van die tolbosse teen 35c elk, en speldekussings en proteas vir minstens 75c per steel verkoop. Die hoogste prys wat aangeteken is was R2.20 per steel vir *Protea compacta* vir die varsmark. Tolbos doen beter as ander loof, en van die ander loof doel kol-kol (*Berzelia lanuginosa, Berzelia abrotanoides*) die beste, terwyl die prys van heide effens laer as die gemiddelde vir loof is. Oor die afgelope drie jaar het die rieële prys van tolbos met 7.5% per jaar gestyg, terwyl alle ander pryse in rieële terme gedaal het. Die grootste daling was vir brunias, proteas en speldekussings, 'n groep waarvan pryse met gemiddeld 17% per jaar afgeneem het tussen 2006 en 2008.

Tabel 2 toon die persentasie van die oes wat aan elke pakstoor gelewer is. Fynsa, die ou *Flower Valley Farm* pakstoor, is die plukspan se hoofkliënt. In 2005 was Fynsa nog hulle enigste kliënt, maar in 2006 is daar reeds 14% van die oes aan twee pakstore wat in droë blomme spesialiseer, gelewer. In 2007 het Fynsa tweederdes van die oes gekoop en in 2008 slegs die helfte.

Uit die prystendense is dit duidelik dat diversifisering van afsetpunte nie die plukspan gehelp het om 'n beter prys te beding nie. Om dit te vermag moet primêre produsente saamspan (horisontale integrasie) en soveel waarde as moontlik op die plaas toevoeg (vertikale integrasie). Ekonome is gewoonlik nie ten gunste van enkelkanaalbemarking nie omdat dit verbruikerspryse verhoog, maar daar moet ingedagte gehou word dat dit die enigste manier is om hoër produsentepryse te verseker.

Tabel 2:Samestelling van *Flower Valley Farm* se afset

	% inkomste		
Pakstoor	**2006**	**2007**	**2008**
Bergflora		7	22
Bloeminkraal		3	6
Floraland	6	14	9
Fynsa	87	66	50
Voorsorgboerdery	8	5	12
Ander		5	
	100	100	100

Soos wat daar van tyd tot tyd nuwe protea-, speldekussing- of tolbos-kruisings op die mark verskyn kom daar soms nuwe loofsoorte by, byvoorbeeld '*New Look*' (*Anthospemum aethiopicum*) wat in 2007 teen 20c per steel verkoop het. Die spesie is glad nie in 2006 of 2008 geoes nie.

Daar word nie voorsien dat die prys van loof ooit wesentlik gaan styg nie. Eerstens, word daar eintlik baie min van die baie beskikbare loofsoorte benut. Daar word byvoorbeeld net vyftien van die 266 plantspesies wat op *Flower Valley Farm* voorkom, geoes (Privett, 2002). Tweedens, die aanbod van loof is groter as die vraag daarna, deels oor die beperkte vraag na die finale produk, maar moontlik ook omdat daar 'n beperkte hoeveelheid *focal flowers* geproduseer word.

Met die wêreldwye ekonomiese resessie van 2008 en 2009, kan 'n mens verwag dat verbruikersvraag oor die afsienbare toekoms swak sal wees, en volumes dus klein sal bly. Daarmee saam het die Britse pond dramaties teenoor die meeste van die groot geldeenhede verswak wat die randprys van fynbos verder onder druk sal plaas. Ons verwag dus dat nominale pryse minstens na 2006 se vlakke sal terugkeer, en moontlik selfs verder kan terugsak. Die bedryf sal waarskynlik op soek wees na nuwighede om die verbruiker mee te verlei of probeer om besonder goeie waarde vir geld te bied deur net spesies met buitengewone houvermoë uit te voer. Net die tyd sal leer of 'n Britse huisvrou met 'n dun beursie steeds op *fair trade* en *low food miles* sal aandring; ons verwag skep kompetisie, en dat fynbos markaandeel teenoor ander blomsoorte mag verloor.

Grootte en samestelling van die oes

Aanvanklik is *Flower Valley Conservation Trust* se plaas volgens die vorige eienaars se model bestuur met die pakstoor wat die plukbedrywighede beheer het. In 2005 is daar besluit om die besigheid in aparte pluk- en pakbedrywe te verdeel. Grafiek 1 illustreer die vordering wat sedertdien deur die plaas gemaak is.



Grafiek 2: Grootte en samestelling van die plukspan se inkomste

Die plaas het in 2005 ongeveer R17,000 se blomme aan die pakstoor gelewer. Die gedagte was aanvanklik om die plukspan se bedrywighede tot *Flower Valley Farm* te beperk, en om net fynbos uit die natuur te oes. Na Februarie 2006 se brand was dit nie meer moontlik nie, en het die plukspan op grootskaal op ander grond ook begin pluk. In 2006 het hulle reeds op veertien plekke geoes, en hoewel van die plase kom en gaan oes hulle tans op ongeveer negeduisend hektaar op vyftien plekke. Indien die plukspan net tot *Flower Valley Conservation Trust* se eie grond beperk was sou hulle van die kleinste veldplukkers in die bedryf gewees het, maar hulle huidige fokus op kontrakwerk maak hulle een van die grootstes in die bedryf (Conradie & Knoesen, 2009).

Die waarde van die 2008-oes is R641,000. Ander loof was die grootste bron van inkomste. Dit het 41% van die oes uitgemaak. Die tweede belangrikste kategorie was tolbosse wat 26% bygedra het, en die derde belangrikste produk was silwer brunia (*Brunia laevis)* wat 22% van die inkomste bygedra het. Alhoewel proteas en speldekussings deurgaans die hoogste pryse behaal het, het dit in 2008 net 5% van die plukspan se inkomste bygedra. Hoewel proteas gewoonlik langer neem om te herstel na ’n brand, is die brand nie die rede waarom die produktipe tans so ’n klein bydrae maak nie, aangesien die helfte van die grond waarop die plukspan oes nie onlangs gebrand het nie. Daar word vermoed dat dit liewers te make het met die feit dat die pakstoor aangeplante blomme bo veldblomme verkies omdat aangeplante blomme langer stele het en minder beskadig is.



Grafiek 3: Die plukspan se inkomste per week, 2005 tot 2008

Grafiek 3 illustreer die rieële inkomste per week vir die kalenderweke van die finansiële jaar, vir die periode 2005 tot 2008. In die 2005 finansiële jaar is daar net in vyf weke geoes, en dit was in werklikheid in Januarie 2006, net voor die brand. In 2006 was die gemiddelde inkomste R2,872 per week en is ’n maksimum van R11,058 in week 48 behaal. In 2007 is die maksimum inkomste van R20,834 per week in week 58 behaal en het die gemiddeld tot R5,430 per week toegeneem. Die maksimum van R50,367 vir 2008 is in die eerste week van Oktober aangeteken. Daar kan duidelik gesien word hoe die mark oor Kersfees tot stilstand kom, maar uit ’n kontantvloei-oogpunt is die plukspan se oes redelik eweredig deur die jaar versprei. Dit was nie altyd die geval nie. Tradisioneel was daar ’n sterk oespiek tussen September en Desember (Heydenrych, 1999). ’n Mens kan jou verbeel dat daar in 2008 ’n hoogseisoen was wat in Oktober begin en tot Kersfees aangehou het, maar in 2006 het die piek periode al in Mei begin. In 2007 het die hoogseisoen eers laat begin maar tot in Februarie 2008 aangehou.

Of hierdie weeklikse kontantvloei voldoende is hang grootliks van die plukspan se arbeidskoste af. Vir ’n arbeidsmag van vyf voltydse werkers, wat 45 uur per week werk en slegs die minimum loon verdien, sal die weeklikse loonrekening R1,258 beloop, maar die vraag is of vyf mense wel die oes gepluk sal kry en hoe ver daar agter die blomme aan gery moet word.

Die plukspan se kostestruktuur

Die maak nie sin om die kostes verbonde aan ’n veldplukkery per hektaar uit te druk nie, aangesien die plukspan minder as tien keer per jaar by die helfte van hulle grond uitkom. Dit maak eweneens nie sin om net na totale kostes te kyk nie aangesien koste noodwendig sal styg soos wat inkomste toeneem. In Tabel 3, wat probeer om daarvoor te kompenseer, en word alle kostes per R1,000 inkomste uitgedruk.

Die belangrikste koste items is lone, vervoer en huur (waar daar op vreemde grond geoes word). Dit is gebruiklik dat die eienaar ’n derde van die blom-inkomste kry. Alhoewel die plukspan 16% van 2008 se oes van sy eie grond gepluk het en 41% gekry het van grond wat hy skoon hou in ruil vir die reg om daarop te pluk, hef Tabel 3 huur op die volle oes, om sodoende die finansiële posisie van ‘n plukspan wat geen grond besit nie, te illustreer.

Daar word nie rekord gehou van waarvoor voertuie gebruik word nie en dus moes ’n aanname gemaak word om vervoerkoste aan die plukkery toe te deel. Die aanname was dat daar spesiaal vir elke bestelling gery word maar dat daar net een keer gery word. Die getal ritte is met ’n retoerafstand tussen die plaas en die pakstoor en ’n standaardtarief per kilometer vermenigvuldig om vervoerkoste te bereken. Volgens Whitehead & Archer (2008) was die standaardkoste vir ’n 2.4 liter dieselbakkie R5.09 in 2006 en 2007 en R5.49 per kilometer in 2008. Om die werklike pluklone van die lone van die plukspan (wat vir enige ander werk ingespan word as daar nie bestellings is nie) te onderskei moes daar aangeneem dat werkers oor die afgelope drie jaar ewe veel blomme per dag gepluk het.

Veranderlike of toedeelbare koste het oor die eerste drie jaar van die plukspan se bestaan van R904 na R366 per R1,000 inkomste afgeneem wat ’n besparing van 18% per jaar was. Die grootste besparings is ten opsigte van vervoerkoste gemaak. Dit het van R266 per R1,000 na R101 per R1,000 inkomste afgeneem het, wat ’n besparing van R49% per jaar was. Verdere besparings is haalbaar – byvoorbeeld as die 25 ritte van meer as 100 kilometer elk wat in 2008 afgelê is om blomme ter waarde van R112,606 te gaan oes, vervang kon word met ritte van 10 kilometer elk, verminder die totale afstand gereis met drieduisend kilometer en die totale vervoerkoste met ’n kwart.

Tabel 3: Rieële plukkostes vir fynbos per R1, 000 inkomste

	2006	2007	2008
Inkomste	1,000	1,000	1,000
Lone	308	267	204
Betalings aan grondeienaars (huur)	330	330	330
Vervoerkoste	266	196	101
minus Totale veranderlike koste	904	793	634
Bruto marge	96	207	366
minus Oorhoofse kostes	553	481	273
Netto wins	(456)	(274)	93

Lone het met ongeveer 20% per jaar van R308 tot R204 per R1,000 gedaal, maar daar is weereens baie ruimte vir verbetering. Elke voltydse werker behoort 245 dae per jaar te werk. Volgens ons berekeninge het die plukspan se vyf werkers in 2006 net 336 van hulle moontlike 1,225 mandae spandeer om blomme te pluk, en was in die sin dus net 27% effektief. In die derde jaar het hulle produktiwiteit tot 60% verhoog. Indien die bestaande spand 80% van hulle tyd kan spandeer om blomme te pluk, sal arbeidskoste met ’n derde daal wat bruto marge met 19% en netto wins met 73% sal laat styg.

Bruto marge en netto wins

As die plukkostes hoegenaamd reg toegedeel is, is dit duidelik dat die blombesigheid van die begin af wins gemaak het, maar ongelukkig was die plaas se oorhoofse kostes so groot dat *Flower Valley Farm* as geheel nie winsgewind was nie. Die plukspan se winsgewindheid, of bruto marge, het van R96 per R1,000 inkomste in jaar een tot R366 per R1,000 in jaar drie toegeneem. Dis is ’n verbetering van 139% per jaar.

Vir die tipiese plukspan wat nie sy eie grond besit nie, is ’n ondernemers-loon en ’n lae administrasiekoste die enigste verskil tussen bruto marge en netto wins, en moet daar dus besluit word of die bruto marge wat die plukspan behaal het, ’n genoegsame ondernemersloon is of nie. In 2006 was

die bruto marge van R14,624 beslis nie genoeg vir ’n jaar se salaris nie, maar die bruto marge van R234,538 wat in 2008 behaal is, is waarskynlik voldoende.

Terwyl dit teoreties reg is om ’n kontrakplukspan se winsgewindheid op die plukkery se bruto marge alleen te basseer, is *Flower Valley Farm* se plukkery in werklikheid die hoofbron van inkomste vir ’n plaas wat heelwat ander uitgawes het wat nie direk met die plukspan te doen het nie. In Tabel 3 is ’n deel van die oorhoofse kostes aan die blombedryf toegedeel, in ooreenstemming met die plukspan se bydrae tot die plaas se omset. In die eerste jaar van die plukspan se onafhanklike bestaan was die netto wins (met ander woorde die verskil tussen bruto marge van R96 per R1,000 inkomste en oorhoofse koste van R553 per R1,000) in werklikheid ’n netto verlies van R456 per R1,000 inkomste. In jaar twee het die verlies aansienlik gedaal tot R274 per R1,000 inkomste, en jaar drie was die plukspan vir die eerste keer instaat om sy deel van *Flower Valley Farm* se werklike oorhoofse kostes te dek. Netto wins oor die periode met 335% per jaar verbeter.

Sterk groei vanaf ’n lae basis is maklik haalbaar, maar dit is onwaarskynlik dat hierdie tipe winsgroei oor die volgende paar jaar volgehou sal kan word.

Die relatiewe winsgewindheid van veldblomme

Tabel 4 vergelyk die bruto marges van ’n aantal moontlike bedryfstakke. Die data oor koring, canola en skape kom van Overberg Agri se studiegroep, terwyl die syfers vir wyndruiwe van die SAWIS-webwerf verkry is. Die bruto marges vir aangeplante fynbos kom van die Departement Landbou op Elsenburg se COMBUD vir 2001/02. Die bruto marge vir al die langtermyn-gewasse word as netto huidige waarde uitgedruk, wat beteken dat vestigings-koste in ag geneem is. Daar word aangeneem dat wingerd se produktiewe lewe twintig jaar is en dat dit in jaar drie begin dra. Die berekening gebruik die bedryfs-gemiddelde opbrengs van 7.32 ton per hektaar en ’n vestigings-koste van R91,995 per hektaar. Vir *Safari Sunset* is die verwagte produktiewe lewe agt jaar en word die eerste oes ook in jaar drie verwag, terwyl vestigingskoste R67,371 per hektaar beloop. Daar word aangeneem dat *Protea cynaroides* wat van saad gekweek word in jaar vier begin dra en dat sy produktiewe lewe agtien jaar is. Volgens Elsenburg is vestigingskoste

vir die gewas R63,981 per hektaar beloop. ’n Verdiskonteringskoers van 3% is gebruik, en die bruto marges uit 1999, 2001 en 2007 is met ’n verbruikersprys-indeks in huidige (2008) waardes omgeskakel.

In hierdie studie wissel die bruto marge per hektaar van veldblomme tussen R15 en R181 per hektaar, omdat die plukspan nie al hulle grond ewe intensief oes nie. Die gemiddelde bruto marge oor die volle 9,000 hektaar is R70 per hektaar. Dit is slegs ongeveer ’n derde van die gemiddelde bruto marge per hektaar wat Heydenrych (1999) is sy studie aangeteken het, alhoewel die plukspan se beste plaas goed met Heydenrych se syfer vergelyk. As gevolg van die groot variasie in bruto marge uit veldblomme kan daar nie werklik gesê word dat veldblomme meer winsgewind as skape of beeste is nie. Daar moet egter ingedagte gehou word dat vee meestal op lusern of stoppellande aangehou word en slegs vir ’n kort deel van die jaar in die veld loop. Beter weiding behoort winsgewindheid te verhoog wat beteken dat vee wat net op veld aangehou word ’n laer bruto marge sal oplewer as die in Tabel 4.

Volgens die studiegroep behoort koring en canola onderskeidelik bruto marges van R1,770 en R1,603 per hektaar te genereer. Dit is amper tien maal meer as wat veldblomme kan gee.

Tabel 4: Relatiewe winsgewindheid van sekere bedrywe in 2008 Rand

Bedryfstak	Bruto marge R/ha	Beskrywing
Veldblomme: plukspan	181	Hoogste, 2008
	70	Gemiddelde, 2008
	15	Laagste, 2008
Veldblomme: Heydenrych	196	Gemiddelde, 1999
Skape	95	3.33 ha/skaap, 2008
Vleisbeeste	105	20ha/bees 2007
Koring	1,770	2.2 ton/ha, 2008
Canola	1,603	1.3 ton/ha, 2008
Wyndruiwe: Sauvignon blanc	4,506	7.32 ton/ha, 2008
Wyndruiwe: Cabernet sauvignon	– 2,232	7.323 ton/ha 2008
Protea cynaroides	23,233	Saad, 2001
Safari Sunset	11,377	Steggies, 2001

Die winsgewindheid van die langtermyngewassse varieer dramaties van ’n negatiewe bruto marge van R2,232 per hektaar vir Cabernet Sauvignon tot ’n bruto marge van R23,233 per hektaar vir *Protea cynaroides*. Die verlies op Cabernet Sauvignon herinner ’n mens daaraan hoeveel meer riskant langtermyngewasse as jaargewasse is. Op die oomblik realiseer Cabernet Sauvignon gemiddeld R3,196 per ton terwyl Sauvignon Blanc R4,668 per ton oplewer, maar so onlangs as 2002 was rooi druiwe nog 1.6 keer duurder as wit druiwe, en sou Cabernet Sauvignon toe meer winsgewind as Sauvignon Blanc gewees het. Dieselfde is tot ’n mate waar van aangeplante fynbos. Wanneer nuwe kultivars verskyn daal die pryse van ouer variëteite en dus sal Safari Sunset tans in rieële terme minder winsgewind wees as wat dit in 2001 was. Aan die anderkant sal die nuwer kultivars steeds die tipes inkomstes genereer as wat destyds deur *Safari Sunset* behaal is.

Oor hoeveel grond moet ’n plukspan beskik?

In terme van plukarea is die plukspan een van die grootste operasies in die bedryf, maar soos reeds aangedui lewer die meeste van hulle grond nie ’n besondere hoë opbrengs nie. Die vraag is of hulle dieselfde winste op minder grond kan genereer.



Grafiek 4: Die verband tussen oesintensiteit en inkomste per hektaar vir 2008

Volgens Grafiek 4 word inkomste per hektaar grootliks bepaal deur hoeveel keer per jaar ’n plek gepluk word. Die plaas wat die hoogste bruto marge per hektaar aangeteken het is 129 keer besoek, terwyl die gemiddelde perseel slegs 22 keer in 2008 gepluk is. Hierdie huurgrond het 41% van die plukspan se inkomste bygedra maar is slegs 877 hektaar groot. Die trust se twee plase, *Flower Valley F*arm en Witvoetskloof, is onderskeidelik 45 en 31 keer geoes, en het saam 16% van die inkomste bygedra. Hul totale grootte is 1,303 hektaar. Indien Witvoetskloof en *Flower Valley Farm* net so intensief as die huurplaas geoes word, kan die plukspan basies dieselfde inkomste van slegs 2, 180 hektaar verkry as wat hulle in werklikheid van 9,137 hektaar gekry het. Op die kleiner oppervlakte sou hulle plukgebied heelwat nader aan die bedryfsgemiddeld van 2,566 hektaar wees wat deur Heydenrych (1999) opgeteken is.

Gevolgtrekking

Dit is krities belangrik vir die winsgewindheid van veldblom produsente om kostes onder beheer te hou, aangesien produsente prysnemers in ’n dalende mark is. Indien direkte en oorhoofse koste tot minder as R900 per R1,000 inkomste beperk word, kan ’n plukspan met ’n omset van R650, 000 genoeg wins maak om ’n mededingende ondernemersloon te betaal, en dit blyk op 2,200 hektaar moontlik te wees. Veldblomme ’n lae-risko lae-opbrengs bedryf, wat teen huidige grondpryse nie met graan en besproeiïngsgewasse kan meeding nie indien dieselfde prys vir saaigrond en veld betaal word nie.

Bedankings

Hierdie projek is deur *Fauna en Flora International* uit hul *Arcadia Fund* befonds. Ons wil graag vir *FFI International* vir hulle finansiële ondersteuning bedank. Spesiale dank ook aan Roger Bailey, Marianna Afrikaner en Riana Coetzee wat altyd reg was om vrae te beantwoord.

Bronnelys

ABI, 2005. Sustainable resource farm management plan guidelines. Ongepubliseerde handleiding, ABI, Bredasdorp.

COMBUD, 2001/02. Fynbos: Volume 5. Departement Landbou, Elsenburg.

CONRADIE, B & H KNOESEN, 2009. A survey of the cultivation and wild harvesting of fynbos flowers in South Africa. *www.flowervalley.co.za*

HEYDENRYCH, B, 1999. An investigation of land use practices on the Agulhas Plain with emphasis on socio-economic conservation issues. Unpublished M.Sc. thesis, Botany Dept., University of Cape Town.

MUSTART P., COWLING R., ALBERTYN J. & C. PATERSON-JONES, 1997. SA Wildflower Guide 8: Southern Overberg. Botanical Society, Kirstenbosch, Cape Town.

PPECB, 2007 & 2009. Export directory. 5th & 7th edition. Cape Town.

PRIVETT, S, 2002. Sustainable harvest component. SANparks, L'Agulhas.

ROUGET M, RICHARDSON DM, COWLING RM, LLOYD JW & AT LOMBARD, 2003. Current patterns of habitat transformation and future threats to biodiversity in terrestrial ecosystems of the Cape Floristic Region, South Africa. *Conservation Biology* 112: 63 – 85.

SAPPEX (SOUTH AFRICAN PROTEA PRODUCERS & EXPORTERS ASSOCIATION). Ongedateer. Cape Flora. Fynbos Unit, Elsenburg .

SAWIS (SOUTH AFRICAN WINE INFORMATION & SYSTEM), 2009a. South African wine industry statistics and production plan. *www.sawis.co.za.*

SAWIS (SOUTH AFRICAN WINE INFORMATION & SYSTEM), 2009b. Production costs for wine grapes – Stellenbosch. *www.sawis.co.za.*

WHITEHEAD EN & CG ARCHER. 2008. Guide to machinery cost 2008/09. Department of Agriculture, KZN.